netwerk24.com

# Wilhelm Jordaan: Wat bly oor ná die dood van 'n papierkoerant?

Send to Kindle



Wilhelm Jordaan

"Daar gaan uit vergange se dae / 'n beeld voor my oë verby / my hart is met weemoed geslae . . ." So het Charles Jacobie in die 1960's gesing.

Ek weet, ek weet dis pure, reddelose, onverdunde nostalgie. Maar gun my dit en 'n bietjie hekeling oor die voorgenome sluiting van papierkoerante soos *Beeld* en *Rapport* . . . so kort op die hakke van *Volksblad*.

Natuurlik begryp ek die "realiteite" daaromheen. Dis tog so eenvoudig: Die syfermense, die boontjietellers, seëvier bo die kultuurbewaarders. Wins, wins, wins bo alles. En saam daarmee kom kundigheidsverliese.

Maar jy kán ook 'n papierkoerant elke dag, rustig met ritselende bladsye in die hand, van hoek tot kant lees om algaande jou binnespraak en medeweter te word; jou in te lig oor wat in die wêreld en in jou kontrei aangaan.

Ek het dít ook by 'n universiteit beleef toe ek en 'n handjievol dosente op raadsvergaderings moes pleit vir die behoud van kursusse met min studente (soos klassiekekultuurgeskiedenis, Latyn en Romeins-Hollandse reg). En 'n sakeman-raadslid wat hovaardig sê: "Wat nie wins maak nie, maak toe . . ." Alle universiteite is uiteindelik daardeur geraak. Tot skade van hul vormende taak; "Bildung" in Duits.

Nou ja toe. Só is dit dan . . . Wat is tog die nut van 'n koerant; 'n papierkoerant? Jy kan, soos armes en haweloses, daaronder slaap in koue nagte. Jy kan gemors daarmee opruim. Jy kan vensters mooi opvryf. Jy kan dit, as jou toiletpapier skielik opraak, opskeur in handige vierkantjies, en as jy tyd het, nog 'n bietjie lees aan halwe woorde en verflenterde sinne. Jy kan dit, onoopgemaak, weggooi of herwin. Jy kan nostalgies deur jou lank versamelde uitgeknipte foto's en artikels blaai om ou nuus te herleef, soos *Die Burger* dit vyf dae van die week doen met "50 jaar gelede".

Maar jy kán ook 'n papierkoerant elke dag, rustig met ritselende bladsye in die hand, van hoek tot kant lees om algaande jou binnespraak en medeweter te word; jou in te lig oor wat in die wêreld en in jou kontrei aangaan.

En wat sal ons oorhou? 'n Groeiende elektroniese oordaad wat 'n vlugtige mensheid van oppervlakkige inligting voorsien.

Ek noem al hierdie dinge omdat ek in my diepste binnehart treur en rou oor wat ek beleef as 'n enorme verlies, 'n soort dood, ja. Elkeen van die geteikende koerante het oor baie jare meningsvormers en leiers in die koerantwêreld én daar buite opgelewer – skrywers, digters, sakelui, staatsmanne, akademici . . .

Praat met hulle en hulle vertel jou van die reeds vergete beswymende nageur van drukkersink en gestolde taal gerangskik in stafies lood. En hulle hoor steeds

die magtige dreuning van ’n rolpers wat die maagdelike wit koerantpapier vleg en draai tot iets wat jy in jou hand kan hou en sê: Hier’s die nuus! Op swart en wit. Ruik dit – vars soos brood uit ’n oond . . . ’n Broodsaak, ja?

En wat sal ons oorhou? ’n Groeiende elektroniese oordaad wat ’n vlugtige mensheid van oppervlakkige inligting voorsien. Om daaruit ewe vlugtige indrukke oor ’n haastige wêreld te vorm. Oplaas het ons straks niks meer nie as wesenlik leë verbysnellende digitale gedagtegange.

● *Jordaan is ’n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-wat-bly-oor-na-die-dood-van-n-papierkoerant-20240626